higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID (IKT-KOMPONENT)

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 2

(7601042)

24–26 Oktober 2022 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae. Lees al die vrae aandagtig deur.

2. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Die vraestel bestaan uit VYF vrae. Gebruik geskikte toepassingsprogramme vir ELKE vraag en plaas al die drukstukke in jou EKSAMENOMSLAG.

4. Die tyd wat vir hierdie vraestel toegewys is, sluit leestyd en druktyd in.

5. Die tyd wat aan die begin van elke afdeling aangedui word, is ŉ riglyn om jou te help om die vraestel betyds te voltooi.

6. Dit is jou verantwoordelikheid om jou werk gereeld te stoor om te verhoed dat jy data wat reeds vasgelê is tydens ŉ kragonderbreking verloor. Geen addisionele tyd sal toegelaat word om verlore werk te voltooi nie.

7. Indien ŉ rekenaar of drukker onklaar sou raak, sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir jou om met die eksamen voort te gaan, en die werklike tyd wat verlore gaan, sal addisioneel toegelaat word.

8. Die speltoetser mag gebruik word. Sakrekenaars mag nie gebruik word nie.

9. Jou EKSAMENNOMMER en die SENTRUMNOMMER moet op die voorblad van die eksamenomslag aangedui word, en die sagtewareweergawe moet aan die bokant van die omslag aangedui word (bv. MS Office 2016).

10. Sorg dat die VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER volgens die instruksies op elke DRUKSTUK verskyn.

11. ŉ Geskrewe EKSAMENNOMMER is nie aanvaarbaar nie.

12. Punte sal nie toegeken word vir enige DRUKSTUKKE waarop daar nie ŉ EKSAMENNOMMER en ŉ WATERMERK gedruk is nie.

Kopiereg voorbehou

13. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in die EKSAMENOMSLAG geplaas word en in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel gerangskik word. Slegs EEN DRUKSTUK mag per vraag ingehandig word.

14. Elke antwoord moet op slegs EEN kant van ’n aparte vel papier gedruk word.

15. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING
VRAAG 1 **TYD: 25 MINUTE**

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, is die opperste of hoogste wet in Suid-Afrika. Dit is daar om te verseker dat almal se regte beskerm word. Jy moet jou medestudente opvoed oor die Grondwet en die Handves van Regte wat in die Grondwet uiteengesit word.

1.1 Gebruik Microsoft Word om die dokument in te tik soos hier onder aangedui. (8)

1.2 Voeg jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 1 gesentreerd as kopskrif in om soos volg te verskyn: EKSAMENNOMMER
VRAAG 1 (3)

1.3 Gebruik fontsoort Century Gothic, grootte 12. (2)

1.4 Sentreer en onderstreep die hoofopskrif. (2)

1.5 Tik die teks 'Universele Verklaring van Menseregte' in skuinsdruk. (1)

1.6 Laat reëls tussen die paragrawe oop soos aangedui. (1)

1.7 Voeg die genommerde lys in soos aangedui. (1)

1.8 Stoor die dokument as VRAAG 1 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

1.9 Druk die dokument op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

Voeg kopskrif in

EKSAMENNOMMER
VRAAG 1

Fontsoort: Century Gothic, grootte 12

Die Grondwet van Suid-Afrika

Hoofopskrif: Sentreer en onderstreep

Die Grondwet is die opperste wet van die land. Al ons regte word in Hoofstuk 2, die Handves van Regte, uiteengesit.

Die Handves van Regte bepaal meer as 25 basiese regte en vryhede vir alle mense in Suid-Afrika, en dit is op die Universele Verklaring van Menseregte gegrond.

Skuinsdruk

Menseregte is die basiese regte wat die regering moet beskerm. Hierdie regte word in die Grondwet gedek om ons te beskerm. In 'n geval waar jou reg geskend word, kan jy 'n hofsaak maak. Omdat dit baie moeilik is om die Grondwet te verander, is dit ook baie moeilik vir enigiemand om jou menseregte weg te neem!

Onthou egter dat menseregte soms perke kan hê. Dit beteken dat regte verander, beperk of selfs weggeneem kan word. Dit kan slegs in die volgende gevalle gedoen word:

1. Die wet wat 'n reg beperk, is op almal van toepassing
2. Daar is 'n goeie rede om die reg te beperk
3. Dit maak in 'n oop en demokratiese land sin om die reg te beperk

Voeg genommerde lys in

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2 **TYD: 20 MINUTE**

Maak die dokument oop wat as VRAAG 1 gestoor is en wysig dit volgens die volgende instruksies.

2.1 Wysig die dokument deur al die nuwe teks in te tik soos aangedui. (6)

2.2 Verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 2. (1)

2.3 Verander die fontsoort van die hoofopskrif na Comic Sans MS, grootte 18, vetdruk en hoofletters. (4)

2.4 Verwyder die paragraaf 'Menseregte is die basiese regte … weg te neem!' (1)

2.5 Belyn paragraaf 3 ('Onthou egter dat menseregte … gevalle gedoen word:') na regs. (1)

2.6 Dubbelonderstreep die tweede opskrif, 'Die REGTE in die Handves van Regte'. (1)

2.7 Verander die fontsoort van die tweede opskrif na ALGERIAN, grootte 14. (2)

2.8 Vervang die nommering met dieselfde kolpunte wat langs die nuut ingevoegde teks aangedui word. (1)

2.9 Verander SLEGS die nuut ingevoegde teks na vetdruk. (1)

2.10 Stoor die dokument as VRAAG 2 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

2.11 Druk die dokument op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER
VRAAG 1

Fontsoort: Comic Sans MS, grootte 18, vetdruk, hoofletters

Die Grondwet van Suid-Afrika

Die Grondwet is die opperste wet van die land. Al ons regte word in Hoofstuk 2, die Handves van Regte, uiteengesit.

Die Handves van Regte bepaal meer as 25 basiese regte en vryhede vir alle mense in Suid-Afrika, en dit is op die *Universele Verklaring van Menseregte* gegrond.

Menseregte is die basiese regte wat die regering moet beskerm. Hierdie regte word in die Grondwet gedek om ons te beskerm. In 'n geval waar jou reg geskend word, kan jy 'n hofsaak maak. Omdat dit baie moeilik is om die Grondwet te verander, is dit ook baie moeilik vir enigiemand om jou menseregte weg te neem!

Verwyder

Onthou egter dat menseregte soms perke kan hê. Dit beteken dat regte verander, beperk of selfs weggeneem kan word. Dit kan slegs in die volgende gevalle gedoen word:

Belyn na regs

1. Die wet wat 'n reg beperk, is op almal van toepassing
2. Daar is 'n goeie rede om die reg te beperk
3. Dit maak in 'n oop en demokratiese land sin om die reg te beperk

Vervang nommers met kolpunte

Fontsoort:ALGERIAN, grootte 14
Dubbelonderstreep

DIE REGTE IN DIE HANDVES VAN REGTE

- Mense het die reg om gelyk en met menswaardigheid behandel te word
- Om in vryheid en sekuriteit te leef
- Om in 'n gesonde omgewing te leef
- Om vryheid van vereniging en beweging uit te oefen
- Die reg om te stem

Voeg nuwe teks in en verander na vetdruk

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: SIGBLAD

VRAAG 3 **TYD: 20 MINUTE**

As 'n lid van die gemeenskap word jy versoek om aan 'n gemeenskapsvrywilligerprojek deel te neem wat beoog om sop en brood aan ongeveer 100 kinders te verskaf.

Gebruik Microsoft Excel om jou sigblad met die inligting wat hier onder gegee word, te skep.

3.1 Skep die sigblad hier onder. Moenie die ry- en kolomopskrifte (rande) intik nie. Dit word slegs verskaf om aan te dui watter selle om te gebruik. (5)

3.2 Voeg jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 3 (regsbelyn) as kopskrif in. (3)

3.3 Gebruik fontsoort Bookman Old Style, grootte 10. (2)

3.4 Laat EEN ry oop soos aangedui. (1)

3.5 Verstel kolombreedtes waar nodig om te sorg dat al die inligting op EEN A4-portretbladsy pas en duidelik sigbaar is. (2)

3.6 Stoor die sigblad as VRAAG 3 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

3.7 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

Kopiereg voorbehou

Kopskrif: Eksamennommer (linksbelyn)

Kopskrif: VRAAG 3 (regsbelyn)

EKSAMENNOMMER

VRAAG 3

	A	B	C	D	E
1	SOPPROJEK				
2					
3	Produk	Hoeveelheid	Prys per eenheid		
4	Sopbestanddele				
5	Groenboontjies (600 g)	4	29,99		
6	Aartappels (10 kg)	2	69,99		
7	Wortels (5 kg)	1	29,99		
8	Seldery (bosse)	4	25		
9	Hoenderaftreksel (450 ml)	30	39		
10	Uie (3 kg)	4	36,99		
11	Groen soetrissies	3	50		
12	Brode	20	14,5		
13	Margarien (bakke)	4	25,99		
14					

Laat EEN ry oop

Fontsoort: Bookman Old Style, grootte 10

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4 **TYD: 30 MINUTE**

Maak die sigblad wat as VRAAG 3 gestoor is oop en maak die veranderinge wat hier onder aangedui word:

4.1 Verander VRAAG 3 na VRAAG 4. (1)

4.2 Verander die font van die hoofopskrif na Colonna MT, grootte 24. (2)

4.3 Smelt die hoofopskrif van kolom A1 tot D1 saam en sentreer dit ('merge and centre'). (1)

4.4 Voeg die subopskrif 'AANTAL KINDERS' in ry 3 in saam met die ooreenstemmende waarde (200) soos aangedui. Onderstreep die subopskrif 'AANTAL KINDERS'. (3)

4.5 Voeg ’n nuwe kolom met die opskrif 'Kosprys' in soos aangedui. (2)

4.6 Verander die kolomopskrifte na vetdruk en hoofletters. (2)

4.7 Verwyder ry 13, 'Groen soetrissies', tesame met al sy ooreenstemmende inligting. (1)

4.8 Voeg die nuwe rye in (TOTALE PRYS PER EENHEID, TOTALE KOSPRYS, KOSTE PER KIND en GESKATTE WINS) en belyn die teks na regs. (2)

4.9 Voeg formules in waar die letters van die alfabet verskyn om die volgende te bereken:

A KOSPRYS = HOEVEELHEID maal PRYS PER EENHEID
B TOTALE KOSPRYS = Die som van al die waardes in die KOSPRYS-kolom.
C KOSTE PER KIND = TOTALE KOSPRYS maal AANTAL KINDERS.
D TOTALE PRYS PER EENHEID = Die som van al die waardes in die PRYS PER EENHEID-kolom.
E GESKATTE WINS = TOTALE KOSPRYS – TOTALE PRYS PER EENHEID

(5 × 1) (5)

4.10 Vertoon die PRYS PER EENHEID, KOSPRYS, TOTALE KOSPRYS en KOSTE PER KIND as geldeenheid met TWEE desimale. (1)

4.11 Voeg horisontale en vertikale lyne op die sigblad in soos aangedui. (1)

4.12 Verstel die kolombreedte waar nodig om te sorg dat al die inligting op EEN A4-landskapblasy pas en duidelik sigbaar is. (1)

4.13 Stoor die sigblad as VRAAG 4 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

4.14 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (3)

[25]

Kopiereg voorbehou

Verander VRAAG 3 na VRAAG 4

EKSAMENNOMMER VRAAG 4

	A	B	C	D	E
1	SOPPROJEK				
2					
3	AANTAL KINDERS		200		
4					
5	**PRODUK:**	**HOEVEEL-HEID**	**PRYS PER EENHEID**	**KOSPRYS**	
6	Sopbestanddele				
7	Groenboontjies (600 g)	4	R29,99	**A**	
8	Aartappels (10 kg)	2	R 69,99		
9	Wortels (5 kg)	1	R 29,99		
10	Seldery (bosse)	4	R 25,00		
11	Hoenderaftreksel (450 ml)	30	R 39,00		
12	Uie (3 kg)	4	R 36,99		
13	Groen soetrissies	3	50		
14	Brode	20	R 14,50		
15	Margarien (bakke)	4	R 25,99		
16	TOTALE PRYS PER EENHEID		**D**		
17	TOTALE KOSPRYS			**B**	
18	KOSTE PER KIND			**C**	
19	GESKATTE WINS		**E**		

Hoofopskrif: Colonna MT, grootte 24

Smelt hoofopskrif oor sel A1–D1 saam en sentreer

Onderstreep

Voeg subopskrif en ooreenstemmende waarde in

Kolomopskrifte: Vetdruk en hoofletters

Voeg nuwe kolom in

Verwyder hele rv

Voeg nuwe rye in en belyn na regs

Voeg formules in: A, B, C, D en E

TOTAAL AFDELING B: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: POWERPOINT

VRAAG 5 **TYD: 25 MINUTE**

Ons Suid-Afrikaanse Handves van Regte sit verskillende groepe menseregte uiteen. Maak 'n PowerPoint-aanbieding om jou gemeenskap oor hierdie regte en verpligtinge op te voed.

5.1 Gebruik Microsoft PowerPoint en tik die onderstaande inligting in: (5)

5.2 **SKYFIE 1: TITELSKYFIE** (1)

5.2.1 Tik die titel van die skyfie in hoofletters in en gebruik fontsoort Broadway, grootte 44. (3)

5.2.2 Belyn die subtitel na regs soos aangedui. (1)

5.2.3 Voeg VRAAG 5 en jou EKSAMENNOMMER in as voetskrif wat op al die skyfies verskyn. (1)

5.3 **SKYFIE 2: VERGELYKINGSKYFIE ('COMPARISON SLIDE')** (1)

5.3.1 Tik die titel van die skyfie in Bradley Hand ITC, grootte 40. (2)

5.3.2 Voeg 'n genommerde lys in die linkerkolom soos aangedui, en verander die teks na vetdruk. (2)

5.3.3 Voeg kolpunte in die regterkolom soos aangedui, en verander die teks na skuinsdruk. (2)


5.3.4 Onderstreep die kolomopskrifte. (1)

5.4 Stoor die sigblad as VRAAG 5 volgens jou kollege se eksamenregulasies.


5.5 Druk die aanbieding as volbladskyfies (EEN skyfie per bladsy). (1)

Kopiereg voorbehou

SKYFIE 1: TITELSKYFIE



SKYFIE 2: VERGELYKINGSKYFIE



[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou